

Hoe moet ons oor die Corona Virus dink?

Amie van Wyk (Pretoria)

Ons gesels oor die Corona Virus, waar dit vandaan kom, het iemand dit gestuur, wat sou die bedoeling daarvan wees? Ons oorweeg talle standpunte. Kom dit dalk van God? Indien wel, as straf op ons as mense se roekelose lewenswyse? Kom dit dalk van die duiwel, die groot spelbreker wat alle lewensgenot laat verrot? Gebeur dit dalk toevallig? Maar wat se ding is "toeval"? Waar kom toeval vandaan en wie laat iets 'toevallig' gebeur?

Met die skepping het die Skepper drie opdragte aan die mens gegee: vul, bewerk en versorg die aarde. Kan hierdie klein planeet aarde 7,2 miljard mense onderhou? Is die aarde nie by verre oorbevolk nie? Is 5 miljard nie nader aan die kol nie? En wat van bewerk en versorg? Word die aarde nie gruvelooslik verwoes en ekologies versteur nie? Is die blyplek van die Corona Virus só uitgedun dat dit uiteindelik die méns moes aanval om te oorleef?

Die mens wat so graag na mag streef, wat graag almagtig wil wees, word deur 'n byna onsigbare virus herinner aan sy onmag, sy afhanklikheid van iemand groter as hy. Het 'n teoloog nie opgemerk dat ware godsdiens ingebed is in 'n diep afhanklikheidsgevoel nie? Leer ons nie tans hoe broos en weerloos die mens in werklikheid is nie?

Die skuldvraag bly 'n mens natuurlik altyd besig hou. Hoekom gebeur lelike dinge met goeie mense en goeie dinge met lelike mense? Hierdie moeilike vraag het natuurlik nie 'n maklike antwoord nie. Daar is byvoorbeeld die geval waar 'n skynbare twyfelende Pilatus sy ware kleure gewys het deur **'n aantal mense uit die provinsie Galilea te laat doodmaak waar hulle besig was om in die tempel in Jerusalem te offer. Hier was nog 'n méns wat brutaal opgetree het, maar wat moet ons dink van die toring van Siloam wat sommerso ineengestort het en agtien mense gedood het? Het die toring sommer 'toevallig' inmekaar gestort? 'n Mens kan natuurlik eindeloos tob oor hierdie waarom-vraag. Maar watter waarde het so 'n getob, die eintlike lewe lê mos vóór en nie agter nie. 'n Bekende filosoof het gesê: Die lewe word agtertoe verstaan maar vorentoe geleef.**

En die lewe 'vorentoe' ken net een woord en dit is 'beking', het Christus gesê. Dit wil sê 'n lewe met 'n radikale hartsverandering en 'n lewensverandering. Soos die verlore seun wat uiteindelik na 'n lewe van genot en jolyt by die varkhokke van die lewe beland het en beseft het: **Ek moet opstaan en teruggaan na die vaderhuis. Ek moet 'n nuwe en hoopvolle begin maak, wég van die varkhokke van die lewe na die volheid van 'n vaderhuis waar my vader my met oop arms ontvang en weer sy seun maak. En wie is dan uiteindelik die 'verlore' seun in die verhaal: die jongste of die oudste?**

Daar is natuurlik nog 'n ander perspektief wat verreken moet word en dit is die verganklikheid van ons aardse bestaan en die aarde self. Daar kom tye van hongersnood, pessiëktes, epidemies en aardbewings, weet ons. En ons kan byvoeg: omgewingsbesoedeling, aardverwarming, tsoenami's en Corona Virus Pandemies. Maar, sê Christus, vol belofte, "al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd". Dis nie die 'nuwe tyd' self nie, dis geboortepyne daarvan, voorafskokke van wat kom. Die 'nuwe tyd' kom nog, die nuwe skepping wat God belowe het, is aan't kom. Hou moed, het Christus gesê, Ek het die wêreld klaar oorwin.

'n Mens staan verbysterd as jy diep nadink oor die almag van iemand – iemand - wat die ganse – steeds uitdyende – heelal in sy hande vashou en sy koninkryk tot voltooiing bring. En natuurlik oor sy genade in Christus: Om roekelose mense hulle sondes te vergewe en 'n nuwe lewe te skenk.

Ons lewe in 'n tyd met groot uitdagings. Ons moet dit moedig en hoopvol ingaan, verseker daarvan dat alles nie in niks gaan eindig nie.

Prof JH van Wyk is 'n afgetrede teoloog van Potchefstroom